# Jubelnuus

Jubeljaar Nuusbrief Uitgawe 1, 2025

# Kom ons blaas die Sjofar!

Ons hele geloof en Christelike godsdiens het vanselfsprekend 'n Joodse agtergrond. Ons wortels as christelike kerk lê vér terug in die Ou Testament toe die Here Abram, Isak en Jakob (Israel) uitgekies het om sy volk/kerk te wees.
Gevolglik gaan simboliek in die kerk ook terug na die instellings daarvan toe God sy volk uit Egipte bevry het. By Sinaï word die verbond met Israel vernuwe en kry ons die meeste regulasies en simboliek wat natuurlik heengewys het na die Messias wat destyds nog moes kom.
Nou het Jesus reeds as Messias verskyn en ten volle alles volbring en die enigste werklike simboliek wat Hyself van die Ou Testament oordra is die oorblyfsels van die Pasga (Nagmaal) en die Besnydenis (Doop). Tog verwys die NT gereeld na die simboliese– en kultiese gebruike en gebeure van die Ou Testament.
So verwys Jesus in Lukas 4 na die Genade Jaar van die Here (Jubeljaar) wat met sy koms aanbreek! Hierdie Jubileum is ingelui deur die blaas van die basuin of trompet (Heb: Sjofar, ramshoring).
Die sjofar is by groot geleenthede geblaas as aankondiging van die aanvang/begin van die feesvieringe. So lees ons van die ramshoring wat gehoor word by die berg Sinaï as God neerdaal en sy Tien Gebooie afkondig!
Die oproep vir oorlog en die begin van die aanval is met die ramshorings gedoen (bv Rig 6:34). Ook is die ramshoring geblaas as die koning gesalf is (1 Kon 1:34).
Die Jubeljaar is met die blaas van die ramshoring (Sjofar) op die Groot Versoendag (Yom Kippur) ingelui, "Laat dan die ramshorings blaas op die tiende van die sewende maand op die versoendag. Die ramshorings is die teken dat almal in die land die jaar van die vyftigste landbouseisoen op 'n besondere wyse aan die Here moet wy." (Lev 25:9,10) .
In die boek Psalms lees ons dat die klank van die basuin (sjofar) die roem en eer van God verkondig (Ps 47:6, Ps 150:2-4, Ps 81:3, ens).
Op 19 Januarie 2025 lui ons die Jubeljaar van GK Centurion in met die blaas van die Sjofar.
Casper Lourens 'n befaamde trompetspeler doen die groot blaaswerk. Hy het spesiaal na die Sjofar-fabriek in Brits gery en 'n ramshoring vir ons aangeskaf.
Mag dit die begin wees van 'n Geesvervulde en geseënde God-verheerlikende jaar waarin ons saam sal jubel voor die Here wat ons nou reeds vir 50 jaar genadig was.

Aan Hom al die lof en ere! Soli Deo Gloria.

Ds Maarten



## Laat die feesjaar begin

**Jan Nel**

**Voorsitter van die Feeskomitee**

Ons bid, praat, dink en wonder al van 2024 oor hoe ons die 50 jaar feesjaar gaan aanpak. Ons soek name vir die jaar – jubeljaar, feesjaar, hersteljaar. Ons het voortdurend die Here se wil in die besprekings en besluitnemings gesoek en biddend vir Sy leiding gevra. Stuk-stuk het alles mooi bymekaar begin kom en het alles opgewerk na die pragtige basuin geklank van Sondag oggend 19 Januarie 2025. Wat 'n groot voorreg om ons Jubeljaar te begin met basuingeklank en lofsange tot eer van Hom wat ons die laaste 50jaar gedra en met SY genade omvou het – alle eer aan God ons Vader vir sy beskerming en onderskraging.

## Gemeente kuier 12 April

Die jaar lê voor met opwindende aksies wat beplan word.
Die jaar is ons fokus op herstel – herkalibrasie van ons geloofslewe.
Eenvoudig gestel "*back to basics*".
Waar lê ons dankbaarheid?

Onthou die eerste aksie op 12 April – lekker gemeente kuier – kom leer jou wykslede ken en kom aanbid die Here as dankbare gemeente.
Mag ons teen Desember terugkyk op 'n wonderlike feesjaar vol van hernude fokus en gewaarwordinge dat alles wat ons het van God af kom. Ons het soveel om voor dankbaar te wees. Mag ons hierdie jaar daarop konsentreer en mag ons deur aanbidding, diens en geloof getuienis nader na Christus groei.
Gemeente, geniet julle gefokusde feesjaar.

# Dominee maak gemeente skrik

**Bangjan**



Elkeen wat ds. Maarten van Helden al ontmoet het, weet dat hy nie sommer iemand is wat hom laat afskrik nie. Hy sien kans vir baie. Of dit nou 'n Ou Testament-toer deur beloofde land is, of 'n blyspel oor die Reformasie; hy skrik nie vir die dieptes van donker nagte nie. Hy is ook nie sommer iemand wat afskakel en stilsit nie. As hy op verlof gaan, raak hy verveeld na drie dae en begin voorstelle uitdink en boodskappe stuur oor alles en nog wat in die gemeente. Emeriteer is blykbaar nie in sy aftreeplanne nie.

So begin 2025 met baie opwinding en vooruitsigte vir ons gemeente se jubeljaar... maar ds. Maarten kla van pyn en ongemak. Dit verhinder hom nie om te preek nie, ook nie om Bybelstudie te hou of huisbesoeke te doen nie. Hy het selfs 'n bietjie wyn gedrink met Nagmaal op Sondag 26 Januarie, maar die pyn het nie verbeter nie. So beland dominee Maandag-oggend in die hospitaal. En soos ons hom ken, sou dit sommer gou uitgesorteer wees. Hy het immers die volgende week verlof, en het nie tyd vir hospitaal nie.
Maar toe laat hy ons almal skrik. Dit is nie sommer net maagseer of ipekonders nie, hy sal 'n operasie moet kry. En so gebeur dit, teater toe, maar nie vir 'n opvoering nie. Die pyn bly en dinge wil nie verbeter nie. Elke dag 'n bietjie beter en dan bietjie slegter. En toe 'n terugslag, weer terug na die teater toe. Hierdie keer het dinge beter gelyk.
En uiteindelik is dominee huistoe. Tog wou die pyn nie weg nie. Die beterskap word toe nie beter nie, en op Sondag 16 Februarie beland dominee wéér in die hospitaal. Weer word hy geopereer en 'n gedeelte van sy dikderm word verwyder. Op hierdie stadium drink hy al antibiotika vir ontbyt en ken elke sopresep uit sy kop, terwyl vla en jellie hom laat bewe. Dit sou nog 10 dae duur met verskeie oomblikke van skrik en terugslae voordat ds. Maarten weer sy voete aan huis sit. Ons is die Here dankbaar vir sy genade en besef die pad na herstel lê nog voor. Ons wens ds. Maarten en Phia 'n spoedige herstel in hierdie hersteljaar, en besef hoeveel daar is om oor te jubel!

# Die Evangelie word steeds uitgedra

**Hein Venter**

Die Evangelisasiekommissie (EVK) ondersteun Lyttleton Bridge Ministries (LBM) wat elke Sondagoggend 7 uur by die informele nedersetting in Clubview bymekaar kom om die Woord te bedien en ook kos aan die mense te gee.

Die mense bly op die stuk grond aan die agterkant van die Sasol Jeanlaan vulstasie, langs die N14-afrit. Die groep het meestal bestaan uit 'n groep mans wat 'n bestaan maak uit herwinning, maar die laaste paar maande het daar heelwat vroue en klein kindertjies bygekom.

Ons beleef dat ons volgehoue bediening van die Woord tot groei lei en dat ons Woordbediening bediening met ywer bygewoon word. Ons fokus op die Evangelies en is tans besig met Matteus.

Die laaste paar weke het die bediening ook begin met Bybelstudie op Donderdag-aande om 6 uur. Die bediening beoog om koinonia in die gemeenskap te bewerkstellig om sodoende 'n volwaardige Christen gemeenskap te vestig wat mekaar bedien en ondersteun.

Die bediening bestaan uit 'n groep van GK Centurion en GK Lyttleton en ook 'n vertaler, Mandla, wat elke Sondag die Woord in 'n verstaanbare taal bedien.

Die EVK ondersteun ook Crossroads Prison Ministries (CPM). Ons het onlangs met die sendingwerker, Glenn Fick, vergader om meer uit te vind van die uitdagings wat hy ondervind en om ons ondersteuning só aan te pas om die bediening volhoubaar te maak.

Ons kantoor is aan die gang en srs Hannie van den Bergh en Ronell Hoogenboesem beman die kantoor op 'n vrywillige basis. Hulle ontvang en deel die lesse uit. Lesse word versprei vanuit ons kantoor na Lyttelton en Rietvallei. Leeuwkop-gevangenis is 'n baie groot fasiliteit met ongeveer 12 000 gevangenes. Dit is dus 'n geweldige groot braak terrein waar ons die Woord van die Here aan die mense kan bedien. Ons dank die Here dat hierdie projek aan die gang is en bid dat dit sal groei.





# Kerk KAN toor

**Ellouis Jansen van Rensburg**

Die dames van die kantoor, Ellouis en Bieuwkje, is hier om die gemeente te dien, en is verantwoordelik vir die gemeente se kantooradministrasie. Dit behels 'n wye spektrum van funksies wat insluit die byhou van die databasis tot die verkoop van Bybels en Almanakke, die beantwoording van oproepe en praktiese dag-tot-dag-ondersteuning van leraars, ouderlinge, diakens en kommissies ten einde die gemeentelike werksaamhede glad te laat verloop. Hulle hanteer ook die weeklikse nuusbrief, Die Kommunikaatjie, attestate, asook die byhou van die lidmate se finansiële bydraes.

**"Die Kerkkantoor is vir die gemeente soos die hartklop vir die liggaam".**

Die hoofbron van kommunikasie vanaf die kantoor na lidmate geskied deur middel van e-posse, sms'e en ook telefonies. Ons leraars, ouderlinge en diakens maak gebruik van inligting wat deur lidmate aan die kerkkantoor verskaf word, daarom is dit belangrik dat alle inligting, insluitend nuwe adresse, landlyn en selnommer op datum gehou word.

Veranderinge en navrae kan tydens kantoorure Ma – Do 8:15 tot 13:00, of Sondae na die oggenddiens by die kerkkantoor aangemeld word. Enige veranderinge kan ook gestuur word: **kerkkantoor@gkcenturion.co.za**.

**Koster:**

*Leon Venter* is ons gemeente se koster en is verantwoordelik vir die algemene toesig oor en onderhoud van die kerkgeboue en -terrein, asook die voorbereiding van verskillende lokale vir eredienste, Bybelstudies, vergaderings, begrafnisse en ander sosiale geleenthede.

**Algemene Assistente:**

*Solly en Annah* (albei lidmate van die gemeente) is ons algemene assistente en is verantwoordelik vir die skoonmaak en instandhouding van die kerkgeboue en -terrein. Ons tuinier, Joseph, wat in 1988 hier begin werk het (36 jaar) het Februarie met pensioen vertrek en ons wens hom net die beste toe!



***Bo: Hennie Pretorius oorhandig aan Josef 'n oorkonde en geskenk namens die gemeente.***

## Bedienaars van die Woord gereed vir bediening

Ds. Riaan Wattel, en sy vrou Clariska, is op Saterdag 8 Februarie 2025 in die Gereformeerde Kerk Welkom bevestig. Riaan is 'n seun van ons gemeente. Sy ouers (Jaco en Nicolene) is steeds lidmate hier en sy pa dien geruime tyd as ouderling. Riaan en Clariska is in 2024 getroud en was ook betrokke in die bediening by GK Cullinan saam met ds. Paul van den Berg.

Riaan is saam met 'n mede-lidmaat, prop. Mukesh Kumar in November ondervra en beroepbaar gestel by die Streeksinode Pretoria.

Mukesh is van Indiese afkoms, en sy swaer, ds. Rajesh, is die sendeling van GK Rietvallei. Mukesh het 'n merkwaardige verhaal in die wyse waarop hy tot bekering gekom het, hoe hy hier in Suid-Afrika kom studeer het en nou 'n proponent in die Gereformeerde Kerk is. Hy is tans behulpsaam in ons gemeente by die Alethea bediening waar hy Bybelstudies en eredienste lei.



***Bo: Mukesh Kumar, Riaan en Clariska Wattel***





# Hard Roerende Reseppies

Anoniem

Dit is altyd belangrik om by die geestelike spyse ook aan die vleeslike spyse te dink.
Hieronder is die wenresep vir ‘n buitengewone geleentheid.

**Resep:**
10 mates reën
Ongeveer 200 $m^2$ gras
8 gewillige broeders
Verlengkoorde soos benodig
Grassnyers

Metode:
Wag vir geleentheid dat reën stop. Neem al die beskikbare broers, en voeg hulle by grassnyers. Plaas elkeen op ‘n stuk gras en laat waai. Tydsduur: ongeveer 1 tot 1 ½ uur... of tot al die gras gesny is.

# Studente Kenmekaar

Lize Johl

Die studente, jong werkendes en matrieks (belydenisklas van 2024) het op Dinsdag 18 Februarie 'n kenmekaar gehou om geloofsbande te versterk en meer mense by die Bybelstudie betrokke te kry . Die geleentheid was 'n toonbeeld van saamstaan en planmaak: onverwagse kragonderbrekings by die kerk het gedreig om die geleentheid in die wiele te ry, maar gelukkig het almal liggies gebring, gasbottels aangedra en met 'n positiewe houding opgedaag om die aand 'n sukses te maak.
Na 'n kort kenmekaar waar almal hulself voorgestel het en 'n hoogte- en laagtepunt van hul week gedeel het, het ons in kleiner groepe verdeel en Psalm 19 behandel. Dit was wonderlik om saam met medegelowiges die Here se Woord te bestudeer. Die aand is heerlik afgesluit met koffie, tee en oliebolle.
Almal het die kenmekaar geniet en die weeklikse Juventus -bybelstudie gaan steeds elke Dinsdagaand voort om 18:30 waar ons verder die Here se Woord bestudeer en geloofsverhoudinge verdiep.





## Die Koster vertel – of word van geskinder...

Dit is nie gepas om die kerkklokke te lui na 19:00 op 'n Vrydag-aand nie, want, die lidmate wat omliggend woon, gaan nie opdaag vir kerk nie - veral nie so laat nie! Inteendeel, die koster sal tog moet aandag gee aan sulke onvanpaste gedrag, aangesien hy oproepe en boodskappe moes trotseer waarom die kerkklokke gelui het. So trek hy maar sy pantoffels aan en bewapen hom met die kerk se sleutels om die skurk te gaan oorrompel. Maar kan jy nou meer, die skurk is niemand anders nie as die koster se kleinseun wat ons jeug net wou wys presies hoe om die klok te laat lui. Hoe kan jy dan nou kant kies…!

Ai, dit is nie aldag maklik om koster te wees nie!



***Bo: Morkel Johl lui die kerkklok.***

# Die Bedienings- en Beplanningskommissie, 'n groot en belangrike werk

**Pieter Wolmarans**



Die kommissie se taak is presies soos die naam beskryf; om te waak oor die bediening van die Here se Woord en die beplanning van die bediening behartig. Die doel van die kommissie is verder om aanbevelings aan die Kerkraad voor te lê en uitvoering te gee aan sekere opdragte geneem deur die kerkraad.

Nou wat behels dit alles? Daar is maandeliks 'n vergadering waar aspekte wat voorgelê is ten opsigte van die bediening, bespreek en hanteer, byvoorbeeld die preekbeurte, jaartemas, sang ens. Ook besin en waak die ouderlinge oor die welstand van ons predikante en emeriti. Die ouderlinge het twee maal per jaar 'n in diepte gesprek met die predikante. Ons hou ook toesig oor die elektroniese bediening waar Eric Guldemond die elektroniese uitsendings hanteer.

Aan die beplanningskant neem ons leiding deur die werklas van ons predikante te monitor, asook die rol en funksies van die ouderlinge en diakens. Ons het leiding geneem met die feesvieringe vir die vyftigjarige bestaan van die gemeente. Die feeskomitee, met Jan Nel as voorsitter, het voortgevloei uit die kommissie waar ons die tema Jubel/Herstel voorgestel het. Verder hanteer ons ook die verlof van die predikante, gesamentlike dienste, geestelike-opbou asook om aangeleenthede te ondersoek wat die Kerkraad na ons verwys vir aanbevelings en besluitneming.

Wat het ons al gedoen? Die jaar het eers werklik momentum gekry op Sondag 19 Januarie 2025 met die opening van die katkisasie. Br. Jan Nel van die feeskomitee het aan ons die tema en funksies vir die Jubel-/Herstel jaar voorgehou, boekmerke met Bybelstudies en die jaarkalender met die vyftigjarige embleem, is uitgedeel. 'n Beplanningsvergadering met al die kommissie-voorsitters is gehou om die aktiwiteite rondom die Jubel -/Hersteljaar te koördineer. Hierna is 'n Bedieningskommissie-vergadering gehou. Nagmaal is gevier op 26 Januarie 2025. Die onverwagse hospitalisasie van ds. Maarten het ook meegebring dat die Bedieningskommissie reëlings moes tref rondom die bediening en die gemeente. Ons is dankbaar dat ds. Maarten nou op die herstelpad is en dat ds. Lourens dit oorleef het.

# 10—erpret

Ons tieners het die nuwe bestuur leer ken met 'n lekker FearFactor uitdaging. Ons kuier gereeld saam en het natuurlik ook vet pret waar ons lekker kan saam lag en gril en speel. Hiermee 'n paar foto's van ons kuiers.







# Van Nie Kerk of Vanniekerk?

## Dominee se gholfbalstok red die dag (nag)

**Sela**

Dit kan soms baie voordelig wees om jou gholfstokke in jou kar saam te ry, veral as jy kerk toe gaan. 'n Mens weet nooit of jy dit mag nodig kry nie! Sommige mense kry mens beswaarlik by die kerk, maar daar is uitsonderings wanneer jy sukkel om sommige mense nie vanniekerk se terrein af te kan wegbly nie. Dit gebeur nie noodwendig doelbewus nie, maar per ongeluk. Veral wanneer jy so besig is om op ander dinge te konsentreer en jy die kar se sleutels in die kar los.

Nie alle karre is dieselfde nie. Sommige karre is bang karre, wat sommer self hulle eie deure sluit. En as mens nou vergeet het jou sleutels is binne in die kar en jy is buite die kar en die kar skrik en haar deure sluit, wel, dan gaan jyself nêrens heen nie.

Gelukkig het sommige mense hulle gholfstokke byderhand. As jy gholf speel soos sommige dominees, dan het jy immers een van daardie visvanggholfstokke wat glad nie bedoel is om die bal mee te slaan nie. Nee, jy kan 'n gholfbal daarmee herwin wanneer jy 'n bal bv. in die water laat beland of in die bosse waar jy nie kan inkruip nie.

Of as jy jou sleutel in die kar toesluit en so 'n visvanggholfstok dan jou dag red!



# Manne-in-Christus bid saam

In 2024 het die Bedieningskommissie, wat op gereelde basis saam vir die gemeente bid, besluit om die inisiatief verder te voer na ons gemeentelede en die manne-in-Christus in die lewe geroep. Manne van alle ouderdomme word per geleentheid genooi om op ‘n Saterdag-oggend saam te bid. So kan ons as manne mekaar aanspoor om die verantwoordelikheid van ons taak op te neem en saam ons knieë te buig in afhanklikheid en vertroue op ons hemelse Vader. Ons bid weer saam op Saterdag 15 Maart om 6:00. Hiermee ‘n paar foto’s van ons laaste geleentheid in 2024.







# Teeskink is nie al wat ons susters doen nie

**Erna Olivier**

Die Sustersaksie bied aan elke vroulike lidmaat die geleentheid om haar amp van gelowige ten volle te kan uitleef. Hierdie jaar vier ons gemeente ons 50ste bestaansjaar wat ons dan ook sien as ons Jubeljaar, en ons Hersteljaar. ‘n Jaar van jubel vir dit wat die Here vir ons gee, maar ook ‘n jaar van terugkyk en besin oor wat ons dalk beter en meer effektief kan doen.

Ons het ‘n paar deurlopende aksies. Ons reël dat daar elke Sondag blomme in die kerk is wat die Kerkraad aan iemand oorhandig. Ons het ‘n handwerkprojek, kosprojek en ‘n ondersteuningsprojek vir El -Shalem. Ons skink tee tydens begrafnisse en ons bring besoeke aan bejaardes en nuwe mammas.

Ons bedien ook koffie en tee Sondae en ons het besef hierdie die ideale geleentheid vir koinonia is: saam kuier, saam werk, lekker om mekaar te sien en te hoor hoe jou week was. Ons het daarom besluit om hierdie geleentheid in belangegroepe te organiseer. Ons nooi elke lidmaat uit om hierdie geleentheid te gebruik om iemand nuut, met dieselfde belang as jy, te ontmoet.

Die susters het ook besluit om te kyk na ons katkisasieklasse. Ons wil die katkisasieklasse opknap en mooi maak, sodat dit lekker is vir ons kinders om katkisasie by te woon.

Wat die jaarprogram betref is ons eerste aksie die Sustersaamtrek wat plaasvind op Saterdag 8 Maart. Dit word hierdie jaar deur Totiusdal aangebied en Albert Coetzee sal as gasspreker optree met die tema: Julle is ‘n brief van Christus. Daar is 50 dames wat ons gemeente gaan verteenwoordig en ons glo dit gaan ‘n insiggewende oggend wees.

Indien jy meer betrokke wil raak by die sustersaksie, of enige idees met ons wil deel, kontak gerus vir Erna Olivier.

**Julle is ‘n brief van Christus.**

## Belydenisklaskamp op Mabula

Die belydenisklas van 2025 het 'n baie groot voorreg! Hulle is die klas van ons Jubeljaar. Daarom het ons gedink dit sal gepas wees om ons kamp aan die begin van die jaar te hou, sodat ons die hele jaar lank kan juig. Tydens die naweek van 7-9 Maart het die klas gaan uitspan by Mabula Privaat Reservaat in Rooiberg. Dit was 'n naweek van pret en plesier, waar ons mekaar beter kon leer ken en natuurlik, saam in die geloof kon groei. Gawie en René het gehelp met die spyskaart en almal het saam die natuurskoon bewonder. Dit gaan sonder twyfel 'n uitsonderlike jaar wees vir ons belydenisklas.



# Wyse Gryses

**Liesje Kuperus**

Die Wyse Gryses is 'n groep senior lidmate van ons gemeente wat gewoonlik een keer per maand bymekaar kom. Tradisioneel is dit op die eerste Maandagoggend van die maand, maar weens vakansiedae of ander aktiwiteite, skuif ons die dag dienooreenkomstig aan.

Ons is die afgelope Maandag, 3 Februarie, op 'n pragtige kultuuroggend getrakteer! Petro du Plessis het die byeenkoms geopen met die kunstige voorlees van Psalm 8, terwyl Cecile Venter die Onse Vader vir ons gesing en op die klavier begelei het. Die tema van die program was "Bekend en Bemind" en met die oog op die 100-jarige bestaan van die Afrikaanse taal vanjaar, het 'n uitstekende fotovertoning die oue na die nuwe uitgebeeld!

Onder kitaarbegeleiding het ons lekker saamgesing en geluister na ons kleurryke Afrikaanse taal soos geskryf deur van ons bekende skrywers en digters! Aan die einde van die program kon enige iemand nog iets deel uit ons verlede! Voorwaar 'n program om te onthou, te koester en met ander te deel! Nogmaals baie dankie vir baie moeite en diep delf om ons te vermaak! Ons jaarprogram hou onder andere nog 'n uitstappie in na die Voortrekkermonument oor die uitbeelding van ons taal, 'n optrede deur Anza, 'n lentedag motivering , pret met idiome, 'n Bybelkennis oggend, sop en sjerrie in die winter en 'n gesellige afsluiting aan die einde van die jaar! Hou die Kommunikaatjie dop vir die bekendmaak van ons aktiwiteite! Daar is geen ouderdomsbeperking op ons byeenkomste nie, dus, kom deel in ons onderlinge koinonia.

Soli deo Gloria.





***Foto's: Petro du Plessis en Cecile Venter vermaak die seniors met sang en stories***

# Die Glyklip-avontuur in die reën

Henk Sweers

Vroeg in Januarie met skoliere vars uitgerus na ‘n lang somervakansie, het ons hoërskool jeug 'n onvergeetlike Glyklip-avontuur onderneem - 'n reis wat ons fisiese uithouvermoë, sowel as ons humorsin, getoets het. Ons bande van gemeenskap is versterk en ons is herinner aan God se teenwoordigheid in elke tree wat ons gee; selfs in die gietende reën!



Glyklip, vir diegene wat nie daarmee vertroud is nie, is nou al vir jare ‘n GK Centurion instelling, waar ons kerk se jeug saam deur die pragtige Magaliesberg se klowe stap, klim en swem.

**“Glyklip bly maar glibberig”**

Die eerste Glyklip is gehou in Januarie 2000 - net voor ds. Gerrit na ons gemeente toe gekom het. Wyle oom Ben Vorster (Tannie Max se man) op wie se plaas ons stap, het toe net as skoolhoof in Valhalla afgetree. Hy het destyds vir ds. Maarten die roete geleer. Ons het tot vandag toe nog die voorreg om hierdie klein stukkie paradys te mag geniet. Dankie Tannie Max en Bernard Vorster!

Teen dagbreek Saterdagoggend 11 Januarie, het die groep van ongeveer 60 slaperige, maar opgewonde dapper stappers by die kerk bymekaargekom. Die lug was swaar van wolke en 'n motreëntjie het begin val.

Sommige van die meer ervare stappers het bedenkinge gehad en net gehoop dat die weer later deur die dag sou opklaar, soos in vorige jare. Na verwelkoming, gebed en moed inpraat, het ons almal verdeel, voertuig sitplekke ingeneem en wes gedraai – rigting: Klein Paradys.



Met ons aankoms ‘n uur of wat later is die proviand onder mekaar verdeel en gepantser (sommiges met swartsakke) teen die reën, het ons die tog vanaf die ou plaashuis begin. Die reën, eerder as om ons af te skrik, het 'n unieke skoonheid by die landskap gevoeg. Die kloof het lewendig geword met die geluid van stromende water en welige glinsterende, groen plantegroei. Ons moes die glibberige modderpaadjies versigtig navigeer tot onder in die woud, en toe weer die gladde rotse die kloof uitklim tot by die eerste koue waterpoele en stroomversnellings.

Hier kon almal heerlik afpak, uitspan en asem skep (veral dié van ons wat al ons fiksheid in die Desembervakansie verloor het…). ‘n Paar afgedwaaldes het ook ‘n paar minute later met hul soekgeselskap by ons aangesluit, stapklere vir swemklere verruil en die gly en baljaar kon in alle erns begin. Selfs die reën het ons ‘n blaaskans gegee.

Jonk en oud het Glyklip aangedurf; party minder grasieus as ander, en dié het ‘n paar skraap- en kneusplekke as “medaljes” saamgeneem huis toe. Die grootste gedeelte van die dag is hier deurgebring waar ons lekker kon kuier, mekaar beter kon leer ken en hegter bande kon smee. Ook kon ons stil word om die majesteit van die natuurskoon, rotsformasies en waterstrome in te neem. Die reën, wat as 'n struikelblok gesien kon word, het 'n simbool geword van God se seëninge - verkwikkend, lewendmakend en oorvloedig.

Na ons worsbroodjie-middagete en vrugtesap, het die sluise van die hemel weer stadig begin oopgaan en was dit tyd om op te pak en die pad terug aan te pak. Teen dié tyd was ons almal en alles sopnat – van binne (klam swemklere), waterstrome van onder en reën van bo! Uitgeput, maar gevul met 'n diep gevoel van tevredenheid en dankbaarheid, het ons weer by die plaashuis aangekom. Met die gietende reën het ons die gebruiklike waatlemoen eet/geveg vir eers uitgestel na ‘n volgende keer.

Na 'n slotgebed, waarin ons God kon dank vir sy beskerming, vir die skoonheid van sy skepping en vir

die geleentheid om nader aan mekaar te groei in geloof, het ons vertrek Die reën het nie ons gemoed gedemp nie; dit het eerder ons bekommernisse weggewas en ons herinner aan die vreugde wat daaruit voortspruit om saam in geloof te wandel. Jesaja 43:2, "*As jy deur die water gaan, sal Ek by jou wees; en as jy deur die riviere gaan, sal hulle nie oor jou spoel nie*." Of ons nou die uitdagings van 'n Glyklip-avontuur of die beproewings van die daaglikse lewe navigeer, ons kan verseker wees dat God elke tree van die pad met ons is.
Ons sien uit na meer avonture saam, met die wete dat elkeen 'n geleentheid het om te groei in geloof en onderlinge vriendskappe. Aan almal wat by ons aangesluit het vir Glyklip 2025 - dankie vir jou moed, jou lag en jou entoesiasme. En aan diegene wat dit nie hierdie keer kon maak nie, ons kan nie wag om julle volgende keer by ons te hê nie!



# Crossroads by 'n Kruispad


**Ronell Hoogenboezem**

CROSSROADS
PRISON MINISTRIES

In gewone taal behels Crossroads Prison Ministries die uitdra van ons Here se liefde in woord en daad aan mense in die gevangenis. Die Evangelie word gebring met behulp van uitgewerkte lesse. Die Centurion-kampus het in Meimaand 2024 afgestig van die hoofkampus wat in Pretoria is. Ons bedien tans ongeveer 110 studente van die Leeuwkop-gevangenis. Vrywillige mentors ontvang weekliks 'n les van 'n gevangene hier by die kerk en gaan deur die les met behulp van 'n uitgewerkte studiegids. Mentors word gewerf vanuit die Gereformeerde kerke in ons omgewing nl. Centurion, Lyttelton en Rietvallei. Ons sendingwerker besoek die vier tronke by Leeuwkop op 'n weeklikse basis, ruil die lesse om en sluit af met 'n oordenking.
Baie van ons studente ontmoet hier in die tronk ons Here, kom tot bekering en jubel oor sy verlossing in Jesus Christus as 'n nuutgemaakte skepsel. Elke student, maar ook die mentors se lewens word deur hierdie program verryk tot eer van God. CPM bied ook aan u, as lidmaat van die liggaam van Christus, die geleentheid om verryk te word deur hierdie program. Marianne en Lenie help met verpakking van lesse en as jy meer wil weet en betrokke wil raak kontak:
Hannie van den Bergh 082 780 3653 of Ronell Hoogenboezem 083 292 3534.



**Bo: Marianne en Lenie help met verpakking van lesse.**



Notes, Prayer Requests and Comments

I want to take this opportunity to thank all the Crossroads management about all this wonderful lesson full of knowledge about our Lord God.

I am so happy to be part of students on this program.

**Links: Dankie briefie van student**

# Burger-bou en Bicycle-ry

Ané van der Walt

Hou bene hou!
Trap , trap, trap….. so al wat jy kan.
Ons het Kwartaal 1 afge'trap' op 'n baie lekker noot hierdie jaar met fietsry (om die vleeslike te oefen) en 'n toer deur die kerk (om die geestelike te oefen)
Daar was strawwe kompetisie tussen al die kinders van elke graad om te kyk hoeveel keer jy die fietsbaan kon voltooi. Baie pret was dit verseker gewees.
Om ons te versterk na die fietsry - voor die kerk-toer het almal saam geëet aan 'n hamburger.
Tydens die toer deur die kerk, het die kinders geleentheid gekry om te sien hoe dit lyk in die konsistorie met ouderlinge en diakens wat verduidelik wat alles daarbinne gebeur met die vergadering voor die diens en kollekte. Ons het saam die Onse Vader gesingen die kerk binne gegaan. Daar het hulle geleer wat is die nagmaal, waarom doen ons dit, wat eet die mense wanneer hulle nagmaal gebruik, (ja, ons het ongesuurde broodjies geproe vir hierdie geleentheid) en wat drink die mense wanneer hulle nagmaal gebruik.
Dit was vir ons kinders baie lekker om te sien hoe lyk die gemeente – van die preekstoel af.
Hulle kon hoor hoe klink dit onder die kerkklok - as ek self die tou trek, en hoe werk en klink die orrel as ek self agter die speeltafel sit.
'n Opwindende paaseier-soektog in die kerk het die aand afgesluit op 'n hoogtepunt.
Dankie aan elke ouer wat kom saamkuier het, wat jou kind leer om deel te wees van die kerk, die aktiwiteite, die mense (maats) waar samesyn en behoort ook 'n groot rol speel, omdat ons as gemeente mekaar se familie is.









# INstAND - HouDING – Ons GEBOU'e

**Hennie Pretorius**

Gedurende 1975 kom die Gereformeerde Kerk, Lyttelton tot die Kerkraadsbesluit dat 'n gedeelte moet afstig as gevolg van getalle wat te veel is vir een gebou. Gemeente vorming na afstigting vind plaas en 'n nuwe Gereformeerde gemeente en Kerkraad word gevorm en bevestig.

Die Here voorsien en van die gemeente lede begin organiseer. Later word 'n beroep uitgebring en die eerste predikant en sy eggenote aanvaar die roeping na die nuwe gemeente. Grond word bekom op die Landbou hoewes van Lyttelton en later word 'n kerk gebou wat op 16/17 September 1979 vir die nuwe Verwoerdburg-Noord gemeente, ingewy. Die naam sou later verander na Centurion gemeente.
Nodeloos om te sê so het die Gemeente ontwikkel asook die geboue wat teen 2025 bestaan 'n nuutgeboude Kerk en later 'n aangeboude kerksaal, katkisasie-lokale en ander buitegeboue.
Na "50 jaar se gebruik" is instandhouding lankal 'n dag tot dag taak met 'n begroting wat jaarliks bewustelik goedgekeur moet word – dit alles met groot genade, vertroue en dankbaarheid uit die "Vaderhand"!
'n Kommissie is aangestel wat omsien na die instandhouding onder die vaandel van Terrein en Geboue. Die gemeente kan met vreugde en veiligheid "Aanbid, Dien en Getuig". Onlangs kon dié kommissie met dankbaarheid na die volgende instandhoudingstake omsien:

**Die kerkbanke**
Na 50 jaar se gebruik het die banke begin gebreke toon en moes noodgedwonge aandag gegee word om herstelwerk te doen. Daar is na oorweging aandag gegee aan die "sit, opstaan en weer gaan sit" se effek op die strukture van elke bank. Versterkings kon aangebring word en die banke kan die volgende jare



die lidmate se grille hanteer.

**Kombuislekkasies**
Vir lank moes daar telkens na groot reëns met 'n waterprobleme in die kombuis gesukkel word tot so 'n mate dat die ingeboude kaste herstelwerk benodig het. Die oplossing was nie voor die hand liggend nie. Skoonmaak van verstopte afvoerpype asook addisionele en beter afvoer pype moes aangebring word. Dit het later die vervanging van plafonne en sommige gedeeltes van ingeboude kaste genoodsaak. Die uiteinde is dat die susters nou in 'n skoon en droë kombuis kan werk en kuier.

**Kakisasielokale-waterdigting**
Waterlekkasies van die dakstrukture wat ouderdoms-verwante krake begin toon het is aangespreek en behandel om die toekoms droog te aanskou. Die dakke is verseël en ons is dankbaar vir dié werk. Dit is 'n deurlopende taak wat ook 'n uitdaging is om mee te deel. Daar word nou beplan om die lokale binne ook op te knap en te verfraai - ons sien selfs daarna uit.



**Elektriese stelsel**
Met die hernuwing van die geboue versekering is 'n "voldoening-sertifikaat vir die elektriese stelsel", vereis. Tot baie se verbasing is vervangings van skakelaars genoodsaak asook ander elektriese onderdele en regstellings – dié geboue is bykans 50 jaar jonk. Daar is na kontraktering en baie werk 'n voldoening-sertifikaat uitgereik wat bevestig dat ons



# Alethea Ministry

Soos ons 2025 Jubeljaar ingaan met die fokus op geestelike herstel , verdieping en versoening is ons ook opgewonde om die afgelope Sondae nuwe besoekers te sien. Ons het begin met Volwasse toerusting vir nuwe lidmate wat oor die volgende paar Saterdae plaasvind. Br Marcel Wilson en gesin vertrek DV einde Maart 2025 na Mosselbaai. Marcel het lank gedien as ouderling van die Alethea bediening. Ons bid hul God's rykste seën toe en mag God voorgaan om jul te seën en te lei. Ons was bevoorreg om hulle as deel van ons gemeente te hê. Br. Marno Hermann sal ouderlingskap oorneem en ons bid hom ook die seën van die Here toe. Ons het op 'n gereelde basis Prop. Mukesh Kumar, student Marno Hermann en student Morkel Johl wat dienste waarneem vir Alethea.
Mag God ons seën en lei terwyl ons daarna streef om 'n gemeenskap te bou wat Hom eer en ander dien.

As we enter the 2025 Jubilee Year with a focus on spiritual restoration, deepening and reconciliation, we are also excited to see new visitors over the past few Sundays. We have begun Membership Classes for new members which will take place over the next few Saturdays. Brother Marcel Wilson and family will move for Mossel Bay at the end of March 2025. We pray God's richest blessings upon them and may God go ahead to bless and guide them. We were privileged to have them as part of our congregation. Br. Marno Hermann will take over as elder and we also pray the Lord's blessing upon him. We have on a regular basis Prop. Mukesh Kumar, student Marno Hermann and student Morkel Johl who conduct services for Alethea.
May God bless and guide us as we strive to build a community that honours Him and serves others.



***Bo: Prop. Mukesh Kumar lei die Alethea erediens***



voldoen aan munisipale regulasies en van nou af kan verder met gemoedsrus voortgegaan word.

**Plafon op die stoep**

Die weer steek op en donderweer en rukwinde pluk en ruk 'n gedeelte van die plafon af en beland op die grond. Almal is in verwondering wat gebeur het maar dit bly 'n voorreg om 'n stoep te hê. Na oorlegpleging en met die nodige fondse is die plafon herstel en ons harte voel weer goed oor ons stoep.

**Brandblusstelsels**

Jaarliks word die brandblusstelsels deur 'n onafhanklike instansie getoets en gesertifiseer en dit geskied ook vroeg elke jaar – 'n vereiste wat na omgesien word.

**Toekoms van die instandhouding**

Die werk is ten einde niet maar ons moet steeds dink, beplan en aandag gee om die langtermyn gebruik van die fasiliteit te verseker. Wat 'n wonderlike voorreg om deur die genade van ons Here, met liefde vir die gemeente van Centurion te werk – dit gee ook gemoedsrus as daar met vertroue die eredienste bygewoon kan word.
Ons is geseënd en bevoorreg met wat ons het en wat ons daarmee doen!!

***Jubelnuus word kwartaalliks uitgegee ter viering van die Jubeljaar Feesvieringe 2025.***

***Red-Aksie***
***Red-akteur: LJE Venter***
***Hulp redakteur: M van Helden***
***Taalversorging en redigering: S van Helden***
***Uitleg en samestelling: I Nel***

***Hoofkwartier:***
***224 Basdenlaan, Die Hoewes,***
***Centurion***
***Tel: 012 664 2614***
***kerkkantoor@gkcenturion.co.za***